**PREDIKANTE:**
Dr. Braam Krüger
☎ 082 459 5636
Ds Louis Buys
☎ 082 927 2034

**BERIGTE:**
polsslag@gkbenoni.co.za
**WEBBLAD:**
www.gkbenoni.co.za
**FACEBOOK:**
https://www.facebook.com/GKBenoni/

# polsslag

Rom 12:2

## Gereformeerde Kerk Benoni

2 April 2017

**ADMINKANTOOR:**
Ma-Vr 08:00-14:00
Ina Bolt
☎ 011 849 2054
☎ 084 339 1136
inabolt@gkbenoni.co.za

**KOÖRDINEERDER**
Ronel Ritchie
☎ 011 849 6817
☎ 081 218 3048
ronel@gkbenoni.co.za

*Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose.*

## VANDAG SE EREDIENSTE:

***OGGENDDIENS 09:00***

*ds. Louis Buys*

***Skriflesing**: Markus 9:33-37, 10:35-45*

***Teksvers:** Markus 9:35, 10:37 & :43-45*

***Tema:** Wie is die belangrike mense?*

***AANDDIENS 18:30***

*ds. Louis Buys*

***Skriflesing**: Johannes 21:15-19*

***Teksvers**: Johannes 21:15-17*

***Tema**: Het ons Jesus werklik lief?*

HARTLIK WELKOM AAN
ALLE LIDMATE EN BESOEKERS.
KOM GENIET 'N KOPPIE KOFFIE/TEE
NA DIE EREDIENS IN DIE SAAL.

| TEESKINK BEURTE | |
|---|---|
| Vandag | Wyk G32 olv Chrissie Pretorius |
| Volgende week | Wyk A3 olv Ronel Ritchie |

## KNIELTYD - Ons gee om vir mekaar

**ONS DOEN VOORBIDDING VIR:**

**Meelewing:**

- Ons betuig ons meegevoel met Johan & Mariëtte Yssel. Mariëtte se stiefpa is Woensdagaand oorlede na 'n lang siekbed. Mag die Here hulle ryklik vertroos.

**Meegevoel:**

- Ina Lourens het Donderdag,29 Maart, 'n galblaasoperasie ondergaan.
- Cornel Boersma is Donderdag, 29 Maart, opgeneem in die Linmed hospitaal met longontsteking.

*Ons bid hierdie lidmate 'n spoedige en volkome herstel toe, en dat hulle God se nabyheid sal*

**Het jy behoefte** dat iemand vir jou of saam met jou bid?
Jy kan jou gebedsversoeke stuur na 084 627 2393
Ons bid graag vir jou!

**GKSA BEROEPENUUS:**

BEROEPE ONTVANG

Ds WM van der Waal (Willem) van Linden na Walvisbaai.

Let asb daarop dat die kerkkantoor tydelik slegs Donderdae van 09:00-13:00 sal oop wees agv. die adminbeampte en attestaat skriba, Ina Bolt wat tot 10 April op verlof is. Die kerkkantoor se telefoon sal tot dan na Elma Jansen, die koster, deurgesit word, en Elma sal alle navrae na die regte persone kanaliseer om voortdurende funksionering van die kantoor sover moontlik te verseker. Kerkkantoor ☎ 011 849 2054 of Elma Jansen ☎ 082 647 8948.

# DAGBOEK VIR VIR DIE WEEK

| DAG | | AKTIWITEIT | KONTAK PERSOON | LOKAAL |
|---|---|---|---|---|
| So. 2/04 | 08:00 - 09:00<br>09:00 | Gebedsuur<br>Peueterklas (2-4jaar) | Donsie Krüger<br>Anneke Salomons | Ou Moederskamer<br>Kerkhuis |
| Ma. 3/04 | 09:30 | Bybelstudie Rynpark 5 | Adrie Goede | Rynpark 5 |

**TER APPROBASIES:**

Die volgende lidmate word ter approbasie voorgehou aan die gemeente as wyksleiers vir die volgende onderskeie wyke:

Wyk B 10 - Pieter Classen
Wyk C 12 - Danie Barnardo
Wyk F 17 - Mariëtte Keyser
Wyk D 18 - Pieter du Plessis
Wyk D 20 - Walter Buma
Wyk D 21 - Joe Duvenhage
Wyk D 24 - Sarel du Plessis
Wyk F 28 - Elmarie Keyser
Wyk F 31 - Reinette Classen
En Lisa Nel as diensgroepleier vir Lukas 15 diensgroep

Ons bid hierdie lidmate leiding van die Here toe in die oorweging van die bogenoemde ampte.

## VERJAARSDAE
## 2 - 8 April 2017

| DAG | NAAM | KONTAK NO. |
|---|---|---|
| 3/04 | Sarel Pretorius | 084 585 3662 |
| 4/04 | Tessa Grobler<br>Lizé Marié | 074 106 7966<br>076 521 9085 |
| 6/04 | Charl Potgieter<br>Laurie van Zyl | 082 891 4745 |
| 7/04 | Nigi Buys<br>Vincent van Dyk<br>Zelise Yssel | 072 266 4630<br><br>084 367 1724 |
| 8/04 | Annelie van Niekerk | 084 852 3564 |

(☺ doop-l) (* 70 ≤ 79) (** 80 ≤ 89) (*** 90≤ )

GKSA Psalms
Bybel-Media Music & Audio

Geagte Broers en Susters,

Laai die gratis GKSA Psalmboektoepassing vir slimfone en tablette af. Die bedoeling is dat die hele Psalmboek met die belydeniskrifte, formuliere en Kerkorde beskikbaar moet wees.

Daar is ongelukkig nog heelwat foute in die teks, maar daar behoort binne die afsienbare toekoms 'n opdatering te wees om die foute reg te stel en 'n meer gebruikersvriendelike kieslys te hê.

Ons het ook verskeie navrae vanuit die kerkverband gekry waarom 'n toepassing met die 2001-omdigting nog nie beskikbaar gestel is nie. Deputate Publikasies het van die begin af besluit om 'n toepassing wat die 2001-omdigting bevat, ook beskikbaar te stel. Dit was egter nog nie moontlik nie, aangesien die nuwe uitgawe van die sg. groen Psalmboek met die nuwe bywerkings nie gefinaliseer was nie. Sodra die nuwe uitgawe se teks elektronies beskikbaar word sal ons so 'n toepassing ook gratis beskikbaar maak.

- Laai 'n gratis toepassing af wat die hele Psalmboek (belydeniskrifte, formuliere en kerkorde) bevat op jou selfoon of tablet! Tik "GKSA Psalms" op 'googlesearch' en installeer.
- Die toepassing kan afgelaai word by Google Play of die App Store. (Android en Apple)
- Jy kan enige woord in die Psalmboek met die soekfunksie opspoor.
- Die toepassing gaan binne die afsienbare toekoms opgegradeer word.

'n Toepassing van die Psalmboek met die 2001-omdigting en nuwe Skrifberymings en liedere sal ook gratis beskikbaar gemaak word sodra die nuwe uitgawe se teks gefinaliseer is.

## BYBELVRAAG VIR DIE WEEK

Verlede keer 26 Maart 2017 se antwoord: Efesiërs 1:18

" Ek bid dat Hy julle geestesoë so verhelder dat jullekan weet watter hoop sy roeping inhou, en watter rykdom daar is in die heerlike erfenis wat Hy vir die gelowiges bestem het, "

*Die volgende Bybel lesers het korrekte antwoorde ingestuur*
Jan Lubbe; Martie Gibson; Una Steyn; Chrissie Pretorius; Judy Greyling; Jan Bakker – geen sms?



*Hierdie week: Soek die Bybelvers*
" Toe het Absalom en al die manskappe van Israel gesê: ""Die raad van ????? ??? ????? is beter as die van Agitofel"" Maar eintlik was dit die Here wat die goeie raad van Agitofel verydel het, omdat die Here onheil oor Absalom wou bring"
*Vraag:* Wie het Agitofel se raad verydel tydens Absalom se opstand teen sy vader koning Dawid?
Lees gerus Samuel en noem wie Agitofel se raad verydel het en noem waar bostaande vers staan en SMS dit met jou Naam en Van na 082 873 3173.

## KOLLEKTES 26 Maart 2017

- Diens van Barmhartigheid : R 9634
- Bybelverspreiding : R 2404
- Jeug : R 365

**Vandag:** Onder die diens: DVB
By die deure: Kerkkas
**Volgende week:** TSP Biblioteekfonds

## JEUGWERKERSPOS—GK BENONI.

Kanditate moet in 'n lewende verhouding met God staan, en 'n liefde vir God se Woord hê. Dit is 'n voltydse aanstelling met 'n vaste termynkontrak.

**POSVEREISTES:**

- Graad of diploma in jeugwerk aan erkende instansie
- Teologiese kwalifikasie sal hoog aangeslaan word

Vir volledige uiteensetting van vereistes, en verwagtinge rondom die pos, of om aansoek te doen vir die pos, kontak Braam Krüger 082 459 5636 en braam@gkbenoni.co.za of Pieter du Plessis 083 701 9727 en zpdp@telkomsa.net

## ADVERTENSIES.

**VAKATURE BY PKK REDDERSBURG: KINDERVERSORGER – SENIOR DOGTERS**

President Kruger Kinderhuis Reddersburg is 'n kinderhuis wat residensiële versorging en terapeutiese behandeling aan kinders verskaf deur te voorsien in fisiese, maatskaplike, emosionele en psigologiese behoeftes. Die kinderhuis funksioneer onder toesig van die Gereformeerde Kerke van SA.

Meelewende lidmate van Gereformeerde, Hervormde en NG Kerke word genooi om aansoek te doen.

**VOORDELE:** Woonstel-inwoning
Gesubsidieerde Pensioenskema

**SLUITINGSDATUM:** 8 April 2017

**NAVRAE: Mnr Izak Fourie**

051-553 0086/348

**OM AANSOEK TE DOEN:**

**Faks asseblief volledige CV en getuigskrif van huidige predikant na**

**051-553 0083 of e-pos na kantoor1.pkk@gmail.com**

**MONUMENTSIG AFTREE-OORD**
**EENHEID BESKIKBAAR!**

Die Oord behoort aan die Gereformeerde Kerk Centurion, geleë te Basdenlaan 226, Centurion reg agter Unitas Hospitaal en langs die Kerkgebou. U koop okkupasiereg in 'n aftree-oord. In totaal bestaan die Oord uit slegs 26 huisies met pragtige tuine en lae heffings.
Daar is geen versorgings fasiliteite nie
Die eenheid wat beskikbaar is bestaande uit :
1 slaapkamer, 1 badkamer, kombuis, eet/sitkamer, toesluit motorhuis (nie aan huis) met 'n tuin. Die rigprys is R445 000. U kan egter 'n aanbod van u keuse maak, waarna die bestuur die verskillende aansoeke sal oorweeg.
Wanneer u, u reg in die toekoms weer wil verkoop, is die volle bedrag wat u betaal het, onderhewig aan sekere voorwaardes, weer aan u betaalbaar.
Die eenheid word opgegradeer en is beskikbaar vir okkupasie vanaf 1 Mei 2017.
Navrae: Lena Malan (op terrein) 083 457 7294 of
Gerrit Beumer 082 572 5235
Aansoeke sluit 23 April 2017

**DEEL 10**

# DIE DRUKPERS WAS 'GOD SE BESTE WERKE'

Johan van der Merwe Reformasie 500, teologie

Op reis deur die era van die Reformasie, moet ons 'n oomblik vertoef by een van die tegnologiese wonders van die tyd. Dit was nie 'n slimfoon of tebletrekenaar nie, maar 'n drukpers.

Die uitvinding en ontwikkeling van die drukpers word allerweë as een van die belangrikste gebeure van die Renaissance beskou. Naas die uitvindsel van die stiebeuel en die herontdekking van die buskruit het hierdie "tegnologiese wonder" 'n heel nuwe dimensie in die geskiedenis van boeke en geleerdheid daargestel.

Boeke en geskrifte wat voorheen met die hand oorgeskryf moes word, kon nou in die massas gedruk en versprei word. Die Reformasie het direk daarby gebaat omdat die aanvanklike geskrifte van Luther en Melanchton die publiek binne enkele weke vorm kon bereik.

Hierdie standpunt is deur Luther self bevestig toe hy na oorlewering aan sy studente gesê het: " Die drukpers is God se nuutste en beste werk om die ware godsdiens deur die wêreld te help versprei."

Alhewel die eerste gedrukte boeke reeds in 868 in China die lig gesien het, was dit Johann Gutenberg wat teen 1445 in Mainz, Duitsland, baanbrekerswerk gedoen het en die eerste drukpers ontwikkel het. Sy uitvindsel het 'n geheim gebly totdat die stad in 1462 geplunder is en die drukkers verjaag is.

Met Luther se geboorte in 1483 was die drukkuns goed gevestig deur die hele Europa.

Terwyl daar met die aanvang van die Reformasie jaarliks slegs 500 boeke gepubliseer is, het drukkers daarvoor gesorg dat daar tydens die hoogbloei van die Reformasie bykans 40 000 eksemplare van die bekende werk *Beneficio di Christo,* wat oor die hele reverdigmaking deur geloof handel, gedruk en verkoop is.

Die drukkuns het egter nie net die verspreiding van polemiese pamflette en geskrifte aangehelp nie. Dit was ook instrumenteel in die publikasie van vertaalde Bybels: Voordat Luther se sogenaamde *Septemberbybel* in 1522 verskyn het, het daar reeds 14 verskillende weergawes van die Bybel in Duits verskyn.

Luther se vertaling van die Nuwe Testament was onmiddellik 'n sukses terwyl daar in Zürich alleen voor die einde van die 16e eeu reeds 19 verskillende weergawes van die Bybel gepubliseer is. 'n Stroom sagteband-weergawes van die Nuwe Testament, preke en pamflette het deurlopend van die drukpers in Wittenberg, Genève en ander Europese stede gevloei.

LEES VOLGENDE WEEK**: 'N WEERLIGSTRAAL VERANDER DIE KERKGESKIEDENIS**

Vir 'n gemeente om finansieel te oorleef en al die uitgawes te kan dek, maak ons hoofsaaklik staat op vrywillige finansiële skenkings/ Donasies/ Dankoffers/ Liefdegawes/ Bydraes.

**GK BENONI BANKBESONDERHEDE:**
BANK : ABSA
TJEK REK : 220 340 333
VERWYSING : Volle Naam, Van & Doel

**Of SNAPSCAN:**

Barmhartigheid

Deur kollekte